Rosh HaShana - Die Bruilof van die Messias!

Open 19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam (Jesus) het gekom en sy vrou (kerk) het haar gereed gemaak.

Joh 3:29 Hy (Jesus) wat die bruid (kerk) het, is die bruidegom; .....

Die Bruilof van die Messias (Jesus).

Ons gaan kyk na die bruilof van die Lam ---- deur middel van die Joodse bruilof.

DIE FEES VAN DIE TROMPETTE

Die Jode glo vas dat die Hemel se poorte oop is met die Fees van die Trompette [Rosh HaShanah], sodat die regverdige nasies kan ingaan.

Jes 26:2 "Maak oop die poorte, dat die regverdige nasie kan ingaan wat die trou bewaar!"

Psa 118:19 "Maak oop vir my die poorte van die geregtigheid; ek wil daardeur ingaan, ek wil die HERE loof."

Psa 118:20 "Dit is die poort van die HERE; regverdiges mag daardeur ingaan. "

Omdat die Hemel se poorte dan oop is, is daar 'n groot moontlikheid dat die Wegraping (natzal) van die gelowiges tydens die Joodse fees van Rosh HaShana kan plaasvind. Lev 23:24. Vyfde fees - Basuinfees. In die maand Tishri (Tisri) wat strek van 20 Sept tot 20 Okt.

ROSH HASHANAH: DIE BRUILOF VAN DIE MESSIAS.

Die Bybel is 'n huweliksverbond. Die Ou Testament [Tanach] en die Nuwe Testament [Brit Hadashah] beskryf altwee hoe God deur die Messias, die Bruidegom, in 'n proses is om met Sy bruid te trou. Die wat in Hom glo en wat uiteindelik vir ewig saam met Hom sal leef en woon. God het die huwelik ingestel en bevestig dit in 'n goddelike reinheid in die Torah.

Gen 2:21 Toe het die HERE God ‘n diepe slaap op die mens [Adam] laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak.
Gen 2:22 En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, **tot ‘n vrou en bring haar na die mens**.
Gen 2:23 Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem.
Gen 2:24 Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.

Kom ons bekyk dit van nader. Adam is 'n tipe van Jesus, die Messias. Adam is geskape na die gelykenis van Jesus [Rom 5:14 "Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, **wat ‘n voorbeeld is van Hom** wat sou kom."] Jesus het die gedaante aangeneem van 'n dienskneg [Fil 2:7 "maar het Homself ontledig deur die **gestalte van ‘n dienskneg aan te neem** en aan die mense gelyk geword;"] Jesus word ook die laaste Adam genoem. [1Kor 15:45 "So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het ‘n lewende siel geword; die laaste Adam ‘n lewendmakende Gees."
1Kor 15:46 "Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike."
1Kor 15:47 "Die eerste mens was uit die aarde aards, die tweede mens is die Here uit die hemel."

Gen 2:21 Toe het die HERE God ‘n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. Slaap is sinoniem met die dood. [Dan 12:2 "En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik. " Joh 11:11 "Dit het Hy gespreek; en daarna sê Hy vir hulle: Lasarus, ons vriend, slaap; maar Ek gaan om hom wakker te maak. "

Joh 11:12 "Sy dissipels sê toe: Here, as hy slaap, sal hy gesond word."

Joh 11:13 "Maar Jesus het gespreek van sy dood, terwyl hulle gedink het dat Hy van die rus van die slaap spreek. "

Joh 11:14 "En toe sê Jesus vir hulle ronduit: Lasarus is dood."]

Hierdie diepe slaap van Adam is 'n tipe van die kruisiging en dood van Jesus. Die neem van die rib, gaan gepaard met die stort van bloed. Weereens 'n tipe van Jesus wie se sy deurboor is, toe Hy op die vloekhout gehang het. [Joh 19:34 "Maar een van die soldate het met **'n spies in sy sy** gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekom. "]

Van die rib van Adam maak God vir hom 'n vrou. Net so, met die dood van Jesus en geloof in Hom, vestig God die gelowiges, wat in Hebreeus bekend staan as "kehilat". Die gelowiges in die Messias, Sy bruid, het in die geloof met Hom getrou. [Jesus se bruid kom ook uit Sy sy.]

Hierdie huwelik kan gesien word in Jer 23:5 & 6 "Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land. "

Jer 23:6 "In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID. "

Jer 33:15 "In dié dae en in dié tyd sal Ek vir Dawid 'n Spruit van geregtigheid laat uitspruit, en Hy sal reg en geregtigheid doen in die land. "

Jer 33:16 "In dié dae sal Juda verlos word en Jerusalem veilig woon; en dit sal die naam daarvan wees: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID. "

Soos in hierdie skrifgedeeltes gesien kan word, gaan daar 'n huwelik plaasvind. Deur die Messias te aanvaar, vertrou en in Hom te glo word die bruid van die Messias een met Hom. Hierdie groep mense bestaan uit Jood sowel as nie-Jood. God gee die kultuur, geloof en seremonie van die huwelik aan die Joodse nasie [Rom 3:1 "Wat is dan die voordeel van die Jood? ....."

Rom 3:2 "Groot, in alle opsigte: ten eerste tog seker dat aan hulle die woorde van God toevertrou is." Rom 9:4 "Hulle is Israeliete aan wie die aanneming tot kinders behoort en die heerlikheid en die verbonde en die wetgewing en die erediens en die beloftes; "]

Laat ons nou die Bybelse huwelikseremonie, wat God vir die Jode gegee het, ondersoek.

Efes 5:31 "Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word."

Efes 5:32 "Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente. "

Ons gaan nou hierdie groot geheimenis ontsluit met 'n kort opsomming van ons toekomstige huwelik met Jesus Christus.

'N BRUID WORD GEKIES

'n Bruid is gewoonlik deur die vader van die bruidegom gekies. Die vader stuur sy getroue dienaar wat bekend staan as die agent van die vader, om 'n bruid te gaan soek. 'n Goeie voorbeeld kan ons sien in Gen 24. Hier wil Abraham ('n tipe van God die Vader), 'n bruid vir sy seun Isak ('n tipe van die Messias) verkry, en stuur sy dienaar Eliëser ('n tipe van die Heilige Gees) om 'n bruid te gaan soek.

Gen 24:2 "Toe sê Abraham aan sy dienaar, die oudste van sy huis wat die opsig gehad het oor al sy goed: Lê tog jou hand onder my heup, "

Gen 24:3 "dat ek jou kan laat sweer by die HERE, die God van die hemel en die God van die aarde, dat jy vir my seun geen vrou sal neem uit die dogters van die Kanaäniete onder wie ek woon nie;"

Gen 24:4 "maar dat jy na my land en my familie sal gaan om vir **my seun Isak 'n vrou te neem. "**

Dit is die rol van die Heilige Gees om die wêreld van sonde te oortuig en hulle na die Here te lei

Joh 16:7 "Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek

Hom na julle stuur;"

Joh 16:8 "en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel:"

Net soos die bruid gewoonlik deur die vader van die bruidegom gekies is, so word die gelowiges in die Messias deur God gekies. Joh 15:16 "Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies ....." Joh 6:44 " Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag." God het die hele menslike ras gekies om deel van die bruid te wees, dis nie net vir sekere mense bedoel nie.

Efes 5:25 "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oor-gegee het "

Die Bruidegom stort Sy liefde op die bruid uit wanneer sy sy liefde beantwoord.

In Gen 24 het Rebekka ingestem om met Isak te trou, voordat sy hom gesien het. Ons as gelowiges stem in om die bruid van Jesus, die Messias, te wees, voordat ons Hom gesien het.

1Pet 1:8 "vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap,"

'N BRUIDSPRYS WORD VASGESTEL

Daar moet 'n prys betaal word vir die bruid. In Hebreeus word hierdie bruidskat "mohar" genoem. Jesus het die hoogste prys vir Sy bruid betaal. Hy betaal met Sy lewe! Voor Sy dood, oorweeg Jesus die prys wat Hy moet betaal in die tuin van Getsemane.

Mat 26:39 "En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil."

Wat Jesus eintlik gesê het, is: "Vader U het hierdie bruid gekies en Ek het met die terme saamgestem, maar besef U wat is die prys

wat Ek vir haar moet betaal?"

Ons bruidsprys (mohar) was Sy lewe!

1Pet 1:18 "omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie,"

1Pet 1:19 "maar deur die kosbare bloed van Christus, soos **van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,"**

1Kor 6:20 "Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort."

DIE BRUID EN BRUIDEGOM WORD VERLOOF AAN MEKAAR

Die eerste stadium van die huwelik staan bekend as "kiddushin". Onthou die verlowing is die eerste van twee stappe van die huweliksproses. Verlowing in Hebreeus is "erusin" of "kuddushin". Die verlowing bind die bruid en bruidegom wettiglik saam in 'n huwelikskontrak, behalwe dat hulle nie fisies saam woon nie.

Baie min mense weet dat God Homself aan Israel verloof het by die Berg Sinai.

Jer 2:2 "Gaan en roep uit voor die ore van Jerusalem en sê: So spreek die HERE: Ek onthou die geneentheid van jou jeug, die liefde van jou bruidstyd, toe jy agter My aan geloop het in **die woestyn, in 'n onbesaaide land. "**

Hos 2:18 "En Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in ontferming."

Hos 2:19 "En Ek sal My met jou verloof in trou; dan sal jy die HERE ken. "

Israel is God se vrou en die Kerk is Jesus se bruid. Wanneer jy Jesus aanvaar in jou hart en lewe, is jy verloof aan Hom, alhoewel jy nog steeds op die aarde woon.

'N GESKREWE KONTRAK WORD OPGESTEL

Die verlowingskontrak word in Hebreeus 'n "shitre erusin"

genoem en die huwelikskontrak die "ketubah". In die "ketuba" word die prys van die bruid gestipuleer, asook die beloftes van die bruidegom en die voorregte van die bruid. "Ketuba" beteken letterlik "dit wat geskryf is." Die bruidegom belowe om vir haar te werk, haar te eer en te onderhou; om kos, klere, en ander benodighede te voorsien en by haar te bly as haar man. Die "ketubah" was die onherroeplike, onveranderde reg van die bruid, en moet opgestel word voor die aanvang van die huwelikseremonie. Die Bybel is die gelowige se "ketubah". Al die beloftes wat God belowe vir die gelowiges in Jesus die Messias, is wettiglik ons reg.

2Kor 1:20 "Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons."

DIE BRUID MOET HAAR TOESTEMMING GEE

God het Homself verloof aan Israel by die Berg Sinai soos wat ons lees in Jer 2:2. Israel het die huweliksaanbod aanvaar en het "Ja" gesê soos wat geskryf staan in Ex 24:3 "Toe Moses kom en aan die volk al die woorde van die HERE en al die verordeninge vertel, antwoord die hele volk met een stem en sê: Al die woorde wat die HERE gespreek het, sal ons doen. " Wanneer ons die uitnodiging kry om Jesus in ons harte en lewens toe te laat, moet ons dit aanvaar met geloof soos geskryf is in Rom 10:8 "Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig:"
Rom 10:9 "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;"
Rom 10:10 "want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."

Dit is dus duidelik dat ons vandag wanneer jy die bruid van die Messias wil wees, ook moet "Ja" sê.

"BEKER VAN DIE VERBOND"

Geskenke was aan die bruid oorhandig en die "Beker van die verbond" word gevul. Die "Beker van die verbond" is deur die bruid en bruidegom gedeel. Die bruid drink van die beker om openlik te erken dat sy die huweliksaanbod aanvaar. Die plegtigheid van die verlowing (erusin) is voltooi sodra die bruidegom iets van waarde aan die bruid oorhandig en sy dit aanvaar het. Die geskenk wat deesdae algemeen gegee word is die verloofring. Wanneer die bruidegom die ring aan die bruid se vinger steek is die plegtigheid van die verlowing voltooi. Die voltooiing van die plegtigheid staan in Hebreeus bekend as "kiddushim" wat "heiligmaking" beteken.

Die geskenke aan die bruid is simbole van liefde, verbintenis en lojaliteit. Die geskenk wat God vandag aan die wat die Messias aanvaar gee, is die Heilige Gees. Joh 14:26 "maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." Hand 2:38 "En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."

Die oomblik toe Jesus opgevaar het na die Hemel, het Hy vir die mens hierdie pratige geskenk gegee. Efes 4:7 "Maar aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die mate van die gawe van Christus."

Efes 4:8 "Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee."

Hierdie geskenke sluit ook in: Geregtigheid - Rom 5:17 "Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus."

Rom 5:18 "Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe."

Die Ewige Lewe - Rom 6:23 "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here. "

Genade - Rom 5:15 "Maar dit is met die misdaad nie soos met die genadegawe nie; want as deur die misdaad van die één baie gesterf het, veel meer het die genade van God en die gawe deur die genade van die een mens, Jesus Christus, vir baie oorvloedig geword."

Geloof - Efes 2:8 "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;"

Heilige Gees Gawes - 1Kor 12:4 "Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees;"

1Kor 12:8 "Want aan die een word deur die Gees 'n *woord van wysheid* gegee, en aan die ander ***'n woord van kennis*** vanweë dieselfde Gees;"

1Kor 12:9 "aan 'n ander weer *geloof* deur dieselfde Gees, en aan 'n ander *genadegawes van gesondmaking* deur dieselfde Gees; "

1Kor 12:10 "aan 'n ander *werkinge van kragte*, aan 'n ander *profesie*, aan 'n ander *onderskeiding van die geeste*, aan 'n ander *allerhande tale*, aan 'n ander *uitleg van tale."*

1Kor 12:11 "Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil."

1Kor 12:28 "En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek *apostels*, ten tweede *profete*, ten derde *leraars,* daarna *kragte,* daarna *genadegawes van gesondmaking*, *helpers, regeringe (administrasie), allerhande tale."*

Die bruid en bruidegom drink uit een beker - *"Die beker van die verbond*". Die bruidegom drink eerste en gee dan die beker aan die bruid.

Ons lees van hierdie verbond in:

Jer 31:31 -33 "Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; "

Jer 31:32 "nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie—my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE."

Jer 31:33 "Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en **Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n** volk wees."

Jesus praat van die beker van die Nuwe Verbond in Luk 22:20 "Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word. "

DIE ONDERDOMPELING

Die bruid neem nou 'n "mikvah" (onderdompeling in water), 'n rituele reinigings bad. "Mikvah" is 'n Hebreeuse woord wat "poel van water" of "watermassa" beteken. "Mikvah" is 'n seremoniële handeling van reiniging deur die onderdompeling in water. Dit wys heen na die skeiding van die vorige lewe na 'n nuwe. In die geval van 'n huwelik beteken dit die einde van 'n lewe alleen, na 'n lewe saam met jou huweliksmaat. Gen 2:23 "Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem." Gen 2:24 "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees."

Om die "mikvah" te gebruik beteken 'n geestelike hergeboorte. Die rede is dat 'n "mikvah" die krag het om 'n persoon heeltemal te verander. Dink aan die huwelik

van Israel by die Berg Sinai: Eseg 16:8 "En Ek het by jou verbygegaan en jou gesien, en kyk, jou tyd was die tyd van liefde. Toe het Ek my vleuel oor jou uitgesprei en jou naaktheid toegedek. Ja, Ek het vir jou gesweer en met jou **'n verbond aangegaan**, spreek die Here HERE, en jy het myne geword. "

Eseg 16:9 "Daarop het Ek jou met water gewas en jou bloed van jou afgespoel en jou met olie gesalf."

Die was, of die onderdompeling wys heen na Israel nadat hulle die"Torah" (Wet) ontvang het en toe God Homself aan Israel verloof het. Exo 19:14 "Toe het Moses van die berg af na die volk gegaan en die volk geheilig, en hulle het hul klere gewas."

Exo 19:15 "En hy het aan die volk gesê: Hou julle klaar teen die derde dag; moenie naby die vrou kom nie. "

Die Israelite het die woestynlewe (tipe van die ou lewe) deur die Jordaan (tipe van onderdompeling) agtergelaat en in die Beloofde land ingegaan (tipe van 'n nuwe lewe). Jesus praat met Nikodemus, die Fariseër, hieroor dat hy weer gebore moet word (in Gees en onderdompeling) om die ewige lewe te beërwe. Joh 3:1 "En daar was 'n man uit die Fariseërs met die naam van **Nikodémus, 'n** owerste van die Jode."

Joh 3:2 "Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie."

Joh 3:3 "Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."

Joh 3:4 "Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?"

Joh 3:5 "Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees

nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. "

Joh 3:6 "Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees."

Joh 3:7 "Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie."

By die gelowiges se onderdompeling moet die naam van Jesus ingesluit word. Hand 19:4 "Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus."

Die Heilige Gees is die doper van God.

Luk 3:16 "antwoord Johannes almal en sê: Ek doop julle wel met water, maar Hy kom wat sterker is as ek, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie—Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur."

Hand 1:5 "Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie."

Hand 11:15 "En toe ek begin spreek, het die Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin. "

Hand 11:16 "En ek het die woord van die Here onthou, hoe Hy gesê het: Johannes het met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word. "

Nou vertrek die bruidegom na sy vader se huis om die bruidskamer voor te berei. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat dit die man se plig is om weg te gaan na sy vader se huis om die huis te bou en om die uiteindelike troue te reël. Voor hy gaan, maak hy egter 'n verklaring aan die bruid waarin hy sê dat hy 'n plek vir haar gaan regmaak en wanneer hy klaar is gaan hy terugkom na haar toe. *Dit is dieselfde verklaring wat Jesus gemaak het voordat Hy opgevaar het na die Hemel.*

Joh 14:2 "In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei."

Joh 14:3 "En as Ek gegaan en vir julle plek berei het,

kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."

Die bruid word geheilig en eenkant afgesonder, vir 'n tydperk, terwyl die bruidegom by sy vader se huis besig was ;om te bou.

Alvorens die bruidegom kon terugkeer om sy bruid te kom haal, maak die bruidegom se pa eers seker dat die bouwerk en die troureëlings tot sy wense voorberei is. Eers daarna sal die vader sy toestemming gee dat die bruidegom sy bruid mag gaan haal. Met ander woorde, die bruidegom werk aan die bruidskamer, maar die pa van die bruidegom gee die finale toestemming dat die bruid gehaal kan word.

Mark 13:32 "Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader. "

Mark 13:33 "Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie."

Mark 13:34 "Dit is soos 'n man wat op reis is, wat sy huis agtergelaat en sy diensknegte volmag gegee het, en vir elkeen sy werk, en aan die deurwagter bevel gegee het om te waak."

Mark 13:35 "Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: in die aand of middernag of met die haangekraai of vroeg in die môre nie;"

Mark 13:36 "dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie."

Mark 13:37 "En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!"

Die bruid wag verlangend op die bruidegom se koms, hy kan enige tyd kom, selfs in die nag. *Sy moet te alle tye gereed wees.*

(Lees ook Matt 25:1-13)

Terwyl die bruid wag, wonder sy soms of hy regtig sal kom, sal hy sy woord hou?

2Pet 3:3 "Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede

wandel"

2Pet 3:4 "en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af."

2Pet 3:5 "Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af hemele was en 'n aarde wat uit water en deur water ontstaan het deur die woord van God,"

2Pet 3:6 "waardeur die toenmalige wêreld met water oorstroom is en vergaan het."

2Pet 3:7 "Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense."

2Pet 3:8 "Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag."

2Pet 3:9 "Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom. "

2Pet 3:10 "Maar die dag van die Here sal kom **soos 'n dief in** die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand."

2Pet 3:11 "Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? — "

2Pet 3:12 "julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt."

Die bruidegom kom terug met 'n geroep: "Daar kom die bruidegom" met die klank van die ramshoring (shofar) wat geblaas word. [Lev 23:24 Die vyfde fees.]

Die tyd wat die bruidegom gewoonlik gekom het, was middernag. Wanneer hy kom, kom hy gewoonlik met 'n geroep, Mat 25:6 "En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!" en met die blaas van die ramshoring (shofar) 1Thes 4:16 "Want die

Here self sal van die hemel neerdaal met **'n geroep**, met **die stem van 'n aartsengel** en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. " [Die maand Tishri - 20 Sept tot 20 Okt.]

Die huwelik tussen die bruid en die bruidegom vind dan plaas onder die "chupah" of huweliksafdak of troon. Die hemel is 'n tipe troon of "chupah", ons sien in die Skrif dat Jesus ook met 'n geroep sal kom om Sy bruid te kom haal, en daar sal ook 'n geklank wees van die "shofar". Die huwelik tussen Jesus en Sy bruid sal dan in die hemel plaasvind. Die huwelikseremonie sal 'n heilige gevolg hê. Vir hierdie rede sal die bruidegom, Jesus, eerste in die "chupah" gebring word en daar sal uitgeroep word: "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" Mat 23:39 "Want Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" Die geroep beteken "Welkom, baie welkom." Die bruidegom word gegroet soos 'n koning onder die "chupah". Gedurende daardie tyd sal Jesus, die bruidegom, gekroon word as Koning onder die hemelse "chupah".

Die bruid word deur die bruidegom weg gevoer, gewoonlik in die middel van die nag, om die huwelikskamer binne te gaan waar die huwelik volkome gemaak word. Dit is die huwelik in sy volheid, en word in Hebreeus "nesu'in" genoem.

Hulle bly in hierdie kamer vir sewe dae. Aan die einde van die sewe dae, kom die bruid en bruidegom uit. Dit kan gesien word in Joël 2:16 "Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suiglinge! Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek. " Die woord vir week in Hebreeus is "shavuah". Dit beteken sewe. Dit kan sewe dae of sewe jaar wees. Bv. Dan 9:27 "En hy [die vals Messias/Antichris] sal een week lank [shavuah, sewe jaar] met baie 'n sterk verbond sluit, ..." Hierdie week is wat die gelowiges van die Bybel, die sewe jaar van

verdrukking noem. Die Jode verstaan hierdie tyd as die geboortepyne voor die koms van die Messias en wat in Hebreeuse eskatologie as die "Chevlai shel Mashiach" bekend staan. Dit is geneem van Jer 30:5-7 "Want so sê die HERE: Ons het **'n stem van verskrikking** gehoor; daar is vrees en geen vrede nie!"

Jer 30:6 "Vra tog, en kyk of 'n manspersoon baar? Waarom sien ek elke man met sy hande op sy heupe soos een wat baar, en is alle aangesigte in bleekheid verander?"

Jer 30:7 "Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word."

Ten slotte, gaan daar 'n huweliksfees vir al die genooide gaste wees wat deur die vader van die bruidegom uitgenooi is.

Die bruid en die bruidegom is in die huwelikskamer vir sewe dae. Wanneer die twee in die kamer ingaan staan die vriend van die bruidegom buite die deur. Al die gaste wag aan die buitekant op die vriend om die voltrekking van die huwelik aan te kondig wat deur die bruidegom aan hom deurgegee word. Joh3:29 "Hy wat die bruid het, is die bruidegom; maar die vriend van die bruidegom wat na hom staan en luister, verbly hom baie oor die stem van die bruidegom. So is dan hierdie blydskap van my volkome. " [Sewe jaar bruilof in die Hemel]

Wanneer dit aangekondig word, gaan daar 'n groot gejuig op. Die huwelik word voltrek op die eerste nag. [Gen 29:23 "Maar in die aand het hy sy dogter Lea geneem en haar na hom gebring; en hy het by haar ingegaan."] Die bloedbevlekte linne word bewaar, dit is die bewys dat die bruid 'n maagd was.

Op die huweliksdag is die bruidegom gesien as 'n koning en die bruid as 'n koningin. Gedurende die voleinding van die huwelik sal die bruidegom (Jesus) as Koning oor die heelal heers, en die bruid (die gelowiges) sal saam met Hom lewe vir ewig.

Terwyl daar sewe jare van verdrukking op die aarde is, is die gaste wat die Vader van die Bruidegom genooi het besig met die huweliksfees. Hierdie huweliksfees vind in die Hemel plaas

en net die genooides is welkom.

Na die huwelik vertrek die bruid en Bruidegom terug na die aarde, net soos die Joodse bruidegom en bruid terug gaan na hulle eie huis. Dit is interessant om kennis te neem dat gedurende die Fees van Sukkot (Fees van Tabernakels) word die mense deur God gelas om 'n tydelike hut te bou en daarin te woon vir sewe dae. Ons gaan tydelik in die hemel wandel vir 'n periode van sewe jaar, wat ons skuilplek, ons "hut" gaan wees tydens die sewe jaar, van verdrukking hier op die aarde. [Sewe jaar bruilof in die Hemel.]

Diegene wat nie in die Messias geglo het nie, sal 'n ander fees bywoon, wanneer die roofvoëls van die hemele hulle vlees sal eet.

Openb 19:17 "En ek het een engel sien staan in die son; en hy het **met 'n groot stem uitgeroep** en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God,"

Openb 19:18 "dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot." Dit staan bekend as die slag van Armageddon.

Die woning van die bruid en die Bruidegom is Jerusalem en dit is vanuit Jerusalem dat die gelowiges in die Messias, sal regeer gedurende die Messiaanse tydperk, ook genoem die Millennium. [Duisendjarige Vrederyk.]

Jes 2:2 "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom."

Jes 2:3 "En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.

By die wederkoms van Jesus Christus moet duidelik onderskei word tussen die twee fases, met 'n tussen tydperk van

sewe jaar Antichris regering.

Joh 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.
Joh 14:3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

Die eerste fase van Sy koms wat net voor die verdrukking van 7 jaar sal wees, is bekend as die wegraping of wegvoering, waar Hy "soos 'n dief in die nag" sal kom as die Bruidegom om Sy bruid te kom haal. Net Sy bloedgewaste bruid sal Hom by hierdie geleentheid sien en hoor, want dit sal baie skielik gebeur - "in 'n oomblik en 'n oogwink" Die Griekse woord vir "oomblik en oogwink" is "ATOMOS" wat beteken, ondeelbaar. In wetenskaplike besit is huidiglik 'n horlosie wat 'n sewe-miljoenste van 'n sekonde kan aandui, wat nog nie "ATOMOS" - ondeelbaar is nie.
1Kor 15:51 Kyk, ek deel julle **'n verborgenheid** mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,
1Kor 15:52 in **'n oomblik, in 'n oogwink**, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.

Die Laaste Basuin.

Die Kerk, of Bruid van Jesus, die Bruidegom, word weggevoer net voor die groot verdrukking en sewe jaar Antichris regering, by die laaste basuin. Wat word dan bedoel by die *"laaste basuin"?*
Die trompet is 'n militêre instrument. Dit was gebruik om die volk bymekaar te roep. By die eerste trompetgeskal, moet die volk gereed maak om te vertrek. Met die blaas van die tweede of laaste trompet moet die volk dus gereed wees om onmiddellik te vertrek.

1Thes 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. (Die eerste Basuin.)

Met die eerste basuin, sal almal wat in Christus ontslaap het, se fisiese liggame met hul gees verenig. Met die tweede basuin, sal ons wat in die lewe oorbly (m.a.w. wat nog lewe wanneer Jesus kom) verander word. Ons kry dus 'n verheerlikte liggaam net soos Jesus.

1Thes 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. (Die tweede Basuin.)

Ons sal aan Hom gelyk wees wanneer Hy kom.

1Joh 3:2 Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.

In die 260 hoofstukke van die Nuwe Testament word 318 keer verwys na die Wederkoms van Jesus.

Die vyf getuies dat Jesus gaan kom.

(1) Jesus.
(2) Die Engele.
(3) Paulus.
(4) Die Heilige Gees.
(5) Die Tekens van die Tye.

Sy koms sal skielik wees.

Mat 24:27 Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.

By Sy koms sal dit op sommige dele van die aarde dag wees en op ander dele nag.

Luk 17:34 Ek sê vir julle: In daardie nag sal daar twee op een bed wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word.

Luk 17:35 Twee vroue sal saam maal; die een sal aangeneem en die ander verlaat word.

Luk 17:36 Twee sal op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word.

Die boek Openbaring is in kronologiese volgorde opgestel, met ander woorde, gebeurtenisse volg op mekaar - - hoofstuk vir hoofstuk.

Die Grieks vir Openbaring is "APOKALYPSE" - dit beteken ontsluier of onthul. Openbaring is dus geen geslote boek nie, maar 'n oop boek. Van die eerste tot derde hoofstukke word 19 keer gepraat van die Kerk. Daarna nie weer nie. Openbaring 4 en 5 is die Kerk in die Hemel.

Openbaring 4, bekend as die wegraping, begin met hierdie woorde: "Na hierdie dinge...", m.a.w. na die afsluiting van die Kerk by hoofstuk 3, Het ek 'n geopende deur (wegraping) in die hemel gesien, met 'n stem wat vir my sê: "Kom op hierheen." Is dit nie miskien die woorde wat die Bruid van Jesus (die Bruidegom) sal hoor nie?

Openbaring 22:20(b)

Ja, Kom Here Jesus!!!!

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.